

'n Positiewe profiel van 'n buitengewone hoofmeisie as rolmodel: Emme-Lancia Veronique Faro van die Sekondêre Meisieskool Oranje

Jannie Pretorius

Jannie Pretorius: Skool vir Wiskunde-, Natuurwetenskappe- en Tegnologie-onderwys, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Die behoefte aan suksesvolle rolmodelle vir skoolleiers in die sukkelende Suid-Afrikaanse onderrigstelsel dien as begroning van en motivering vir hierdie studie. In hierdie navorsing is waarderende onderhoude met ses onderwysers en sewe leerders van die Christelike en Nasionale Sekondêre Meisieskool Oranje gevoer om 'n profiel van Emme-Lancia Veronique Faro – 'n buitengewone voormalige hoofmeisie van die skool – saam te stel. Sewe positiewe temas is uit die onderhoude geïdentifiseer wat gesamentlik die positiewe kern van haar leierskap en termyn as hoofmeisie van die skool verteenwoordig. Hierdie temas word aangebied as haar nalatenskap aan huidige en toekomstige skoolleiers.

Trefwoorde: rolmodel van uitstaande skoolleier; waarderende ondersoek; positiewe kern van leierskapsprofiel; positiewe verandering

Abstract

Emme-Lancia Veronique Faro: A positive profile of an extraordinary head girl of Oranje Secondary School for Girls as a role model

There is a growing crisis in the South African education system. Bloch (2009:17) describes this grim situation as follows:

There is no shortage of evidence showing how badly the South African education system is performing. International comparisons evaluating literacy, numeracy and science ability clearly show that South African children are not getting it. [...] There is no doubt that is something that needs to be put to rights. Education is the key to growing the skills required in a cut-throat competitive world – the skill to design, plan and implement the changes we need to go forward as a great nation.

One of his suggestions for improvement is to identify successful learners as role models for other learners, “to act as an anchor in making decisions about what is possible in life and how to go about achieving it, especially in terms of what might be required educationally

speaking” (Bloch 2009:164). According to Northouse (2012:30) charismatic leaders serve as strong role models for the values they desire others to adopt. This type of learner shows competence in every aspect of leadership, so others trust their decisions. They also articulate clear goals and strong values, communicate high expectations for followers and show confidence to meet these expectations.

The aim of this study is to study the attributes of such a charismatic leader and to compose a profile of excellent leadership.

The study is embedded in the theoretical framework of leadership studies. The attributes of an excellent learner leader are identified and compared with those identified in current leadership literature, with specific reference to the work of Northouse (2012).

The methodological framework for the study was provided by the 4D cycle of Appreciative Inquiry (AI): Discovery, followed by Dream, Design and Destiny. Cooperrider, Whitney and Stavros (2008:xxviii) summarise these four phases as follows:

The process is dynamic and interactive. It builds on imagination and flexibility for its success. It starts with Discovery. At this stage, the “best of what is” in a system is identified as the positive core. The second stage is Dream. This stage teaches a visioning process to suggest “what might be”. The third stage is Design. The Design [phase] outlines the steps to create the ideal system for an organization. It builds on the positive core and the envisioned results of the first two stages. It allows for co-constructing the ideal design, “how it can be”. The final stage is termed Destiny. The Destiny [phase] covers the implementation and model for sustaining an appreciative learning environment, “what will be”.

An AI is started by identifying the change agenda and the choice of the affirmative topic (Whitney and Trosten-Bloom 2010:6, 7). In the case of this study the change agenda was to compile a profile of an excellent school leader, Emme-Lancia Veronique Faro, head girl of Oranje Secondary School for Girls in Bloemfontein, South Africa. Cooperrider et al. (2008:xv) describe this introductory step as follows: “AI begins by identifying what is positive and connecting to it in ways that heighten energy, vision, and action for change.”

During the Discovery phase of this AI appreciative interviews were conducted with six teachers and seven current and previous learners who were closely involved with Faro when she was a learner at the school. The following questions were asked as part of this phase:

- What is your first or fondest memory of Emme-Lancia?
- Tell me about an occasion where she meant a lot to you.
- Tell me about one of her speeches that made an impression on you.
- What makes her a good leader?
- What is the *one* thing that would describe her – without which she simply would not be Emme-Lancia?

The following question was asked as part of the second or Dream phase:

- What would you wish future head girls could learn from her?

The responses were recorded and coded to identify the attributes of Faro’s leadership and to compile a profile of her positive core. This profile is presented here as a framework for

development and change. This might inspire others to use her profile to design a personal framework for development (the third phase of AI). In the process it is possible that her profile and legacy might become other learner leader's destination (Crous, De Bruyn, Roodt, Van Vuuren, Schoeman and Stuart 2006:4) (the fourth and final phase of AI).

The following themes were identified from the interviews and were presented as the attributes of an excellent learner leader:

- She embraces who she is and possesses inner peace and acceptance – self-confidence.
- Purposeful, principled, commitment and perseverance – integrity.
- Sincere, friendly serving and support of everyone she leads and who follows her – sociality.
- Inspiring speeches, tact, wisdom, sincerity and diplomacy – charisma.
- Enthusiasm, passion, zeal and spontaneity – determination.
- Religious conviction and values as a functional spiritual basis.
- Love for and commitment to the school as an organisation and its ethos/traditions.

It was possible to link these attributes to those presented by Northouse (2012:22-33) in his descriptions of the traits of excellent leaders. The selection of Faro as the subject of this investigation is therefore validated. She is a young lady who was seemingly effortlessly able to conquer the hearts and minds of one of the most tradition-bound schools for girls in the country. She did groundbreaking work with her principled application of discipline and with the persevering manner in which she strove to realise her stated mission and objectives. She knew almost every learner in the school's name and smiled while conversing with them. She was a friend of all the learners, but even her best friends knew that she was incorruptible in enforcing the school's rules.

The girls and teachers of the school were inspired by her moving speeches and they would cry while she was delivering them. They were – and still are – proud of the determined manner in which she accepted and executed the ambassadorship of the school. She supported the teachers when they needed that, but likewise reprimanded them if necessary. She was and is a role model par excellence.

Keywords: role model of exceptional school leader; appreciative inquiry; positive core of leadership profile; positive change

1. Inleiding

Selfs 'n toevallige waarnemer van die Suid-Afrikaanse onderrigstelsel sal min moeite ondervind om 'n groeiende krisis te identifiseer. Bloch (2009:17) verwoord hierdie krisis soos volg:

There is no shortage of evidence showing how badly the South African education system is performing. International comparisons evaluating literacy, numeracy and science ability clearly show that South African children are not getting it. [...] There is no doubt that is something that needs to be put to rights. Education is the key to growing the skills required in a cut-throat competitive world – the skill to design, plan and implement the changes we need to go forward as a great nation.

Een van sy voorstelle ter verbetering van die situasie is die identifisering van suksesvolle leerders as rolmodelle vir ander leerders, “to act as an anchor in making decisions about what is possible in life and how to go about achieving it, especially in terms of what might be required educationally speaking” (Bloch 2009:164). Hy beskou navorsing in hierdie verband as een van die faktore wat kan meehelp om die probleme suksesvol op te los (Bloch 2009:166).

Kreitner en Kinicki (2004:95) stel ook die doelbewuste skep en navolging van rolmodelle voor as een van die meganismes wat lede van organisasies kan benut om mekaar die gekose waardes, verwagtings en gedrag van hul organisasies te leer. Odendal en Gouws (2005:944) omskryf die konsep *rolmodel* en voorsien terselfdertyd ’n verdere motivering vir hierdie studie: “Persoon wat as (navolgbare) model deur iemand of baie mense beskou (en gevolg) word: *Haar ouma was haar rolmodel. Baie tieners is op soek na ’n rolmodel*”. Volgens Northouse (2012:30) dien charismatiese leiers as sterk rolmodelle vir die waardes wat hulle voorstaan. Mohandas Gandhi, wat op vreedsame wyse betoog het, dien as voorbeeld van ’n goeie rolmodel.

Hierdie tipe leiers is volgens Northouse (2012:30) ook bekwaam ten opsigte van elke aspek van leierskap, sodat andere hulle besluite vertrou. Hulle artikuleer ook duidelike doelwitte en sterk waardes. Dan kommunikeer hulle ook hoë verwagtinge van hulle volgelinge en vertrou hulle om aan hierdie verwagtings te voldoen. Laastens is hulle ’n inspirasie vir andere. Hulle kan hulle volgelinge opgewonde maak en hulle motiveer om regtig ’n verskil te maak.

Die doel van hierdie navorsing is om die hoedanighede van so ’n charismatiese rolmodel – “eienskap, kwaliteit, besondere aard” – soos deur Odendal en Gouws (2005:407) getipeer, te bestudeer en haar leierskapprofiel saam te stel.

2. Motivering vir keuse van rolmodel

Emme-Lancia Veronique Faro is op 5 Oktober 1992 in Bloemfontein gebore. Sy is die tweede dogter van Lance, ’n spysenier in die Suid-Afrikaanse Weermag, en Emerald, ’n tuisteskepper. Sy het twee susters: Euphemia, ’n kandidaatprokureur, en Faron, tans (2011) ’n graad 2-leerder aan die Christelike en Nasionale Primêre Meisieskool Oranje. Faro begin haar skoolopleiding in 1999 aan die Ladybrand Primêre Skool en word in 2000 by Oranje Primêr ingeskryf. Aan die einde van 2010 (sien Figuur 1) voltooi Faro haar skoolloopbaan en verwerf die Nasionale Senior Sertifikaat met onderskeidings in Afrikaans, Engels, Lewensoriëntering, Geografie en Lewenswetenskap.



Figuur 1. Emme-Lancia Veronique Faro se graad 12-skoolfoto

Op akademiese terrein presteer sy deurgaans uitstekend. Van graad 8 tot 10 (2006–8) ontvang sy akademiese merietekleure (toegeken vir 'n gemiddelde persentasie tussen 75 en 84). In 2009 (graad 11) en 2010 (graad 12) ontvang sy die skool se Goue Sertifikaat vir akademiese prestasie. Die Minette Neuhoff-wisseltrofee vir die beste prestasie in geografie word in 2010 aan haar toegeken. Sy ontvang ook die M. de Kock-wisseltrofee vir die beste prestasie in algemene kennis in 2007 en 2008, toe sy as provinsiale wenner van die ABSA Wêreldkennis-olimpiade aangewys word, en in 2010, toe sy 'n tweede plek behaal. Intelligensie is volgens Northouse (2012) een van die hoedanighede van doeltreffende leiers: “Intelligence includes having good language skills, perceptual skills, and reasoning ability. This combination of assets makes people good thinkers, and makes them better leaders.”

Op kultuurgebied onderskei sy haar deurdat 'n skildery van haar in 2007 'n Cum Laude-toekenning behaal by die Hermes Akademie se Nasionale Kunsolimpiade. Sy is lid van Oranje se revue- en ritmegroep wat in 2009 92 persent en in 2010 85 persent behaal by die Rivista Eisteddfod wat deur die Hoërskool Böhmer in Bloemfontein aangebied is. Sy is ook 'n lid van Radio Eva, die skool se radiostasie.

In 2007, haar graad 9-jaar, word sy tot die skool se Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) verkies. Aan die einde van 2009 word sy weer tot die VRL verkies en ook as die skool se hoofmeisie (sien Figuur 2).

Tydens geleentede waar sy toesprake moet lewer, kwyt sy haar uitstekend van haar taak en lewer besielende voordragte. Na afloop van leerlinge en oudleerlinge se viering van die skool se 103-jarige bestaan rapporteer *Volksblad* byvoorbeeld as volg oor haar toespraak (Figure 3 en 4):

Almal in Oranje voel gelyk, want in God se oë is ons gelyk, sê Emme-Lancia Faro, hoofmeisie van die Hoër Meisieskool Oranje. [...] “Dit is ’n groot eer. Ek het in trane uitgebars toe ek as hoofmeisie aangewys is.” Emme-Lancia sê toe oudpres. M.T. Steyn van die destydse Vrystaatse Republiek in 1907 die skool begin het, was dit sy wens dat elke bevolkingsgroep vry sal wees. Sy beleef steeds dat ras glad nie ’n kwessie hier is nie. “Ek leef myself uit aan Oranje – én dit in my moedertaal,” sê dié Bloemfonteinse matriekleerling. [...] “Ons wil almal aanspoor om respek, eenheid, dissipline tesame met trots en tradisie as hoofwaardes uit te leef. Ons hoop om as opbouende en inspirerende leiers onthou te word [...]”



Figuur 2. Die Christelike en Nasionale Sekondêre Meisieskool Oranje se Verteenwoordigende Raad van Leerders vir 2010.

Sy ontvang daarna ’n kaartjie ter gelukwensing van me. M.L. Spies (tans 94) wat vir 42 jaar aan die skool verbonde was, 21 jaar daarvan as skoolhoof:

Veels geluk, Emme-Lancia, met jou besielende woorde oor Oranje! ’n Vriendin het die koerantuitknipsel aan my gestuur en ek het gegloei van trots! Met só ’n hoofmeisie aan die spits sal my Alma Mater altyd Vooruit [die skool se leuse] beweeg! Sê asb. ook dankie vir jou ouers. So ’n positiewe lewensuitkyk dui op geïnspireerde ouers – iets om te waardeer. Mag God jou elke dag seën!

Aan die einde van haar termyn as hoofmeisie wys haar medematrikulante haar aan as die leerder wat Oranje se ideale en waardes voluit uitleef. Sy ontvang daarvoor die Mea Roodgedenktoefie. Sy ontvang ook die Elsie de Beer van der Watt-beeldbouskild vir die beeldbouer van die jaar. Die skoolhoof, me. Mariehette Mathee, skryf in haar motivering vir die toekenning van die prys:



Figure 3 en 4. Faro aan die woord tydens Oranje se 103-jarige viering by die Vrouemonument in Bloemfontein. In Figuur 4 van regs na links sit mee. Mariehette Mathee, huidige skoolhoof van die sekondêre skool (gedeeltelik versteek agter die kateder), M.L. Spies, 93-jarige oudskoolhoof en A. Albertyn, huidige skoolhoof van die primêre skool. 'n Paar matrieks sit agter op 'n muurtjie.

SABC-optredes: Tydens die viering van Vryheidsdag stel sy haar mening onomwonde. Die regisseur en aanbieder van die program het net lof vir haar optrede. Haar TV-insetsel tydens die “Ayoba”-oggend ontlok wyd kommentaar.

Volksblad: In 'n onderhoud met *Volksblad* laat sy Oranje as toonvenster van vroulikheid en 'n skool met mooi waardes uitstaan.

Bemaking: Met haar deursettingsvermoë en helder visie vir die Oranje-dogter bemark sy die skool op elke terrein waar sy haar begewe.

Leierskap: Haar gemaklike leierskap, onselfsugtige diens aan Oranje en vaste geloof bring mee dat haar integriteit bo verdenking staan en juis daarom word sy spontaan gevolg.

Oranje is trots op die skitter beeldbouer!!

Juffrou Matthee bring verder as volg hulde aan haar as ontvanger van die hoofmeisieprys:

Sy het duidelik die rigting aangedui op grond van die Bybel wat haar eie rigsnoer is. Hierdie beginsels het haar geïnspireer om die regte besluite te neem. Op haar regverdige, selfs vrolike manier het sy dissipline gehandhaaf en nie geskroom om te staan vir die waarheid waarin sy glo nie. Die leerders kon met vertroue en respek na haar opsien. Haar missie – RED in Christus – in 2010 het bepaal dat sy die leerders op elke vlak betrek het. Hulle moes nie net deel van die skool wees nie, maar deel van die wenspan. Respek, Eenheid en Dissipline is te alle tye onder die leerders vasgelê. Die personeel, wat haar reeds in haar gr. 8-jaar as leier geïdentifiseer het, het sy met agting behandel en op hulle beurt het hulle haar oordeel en optrede vertrou. Oranje eer Emme-Lancia vir haar Christen leierskap, beginselvastheid, opgeruimde geaardheid en loyaliteit teenoor haar alma mater! In haar maats se woorde: Sy is as hoofmeisie een uit 'n duisend. Niemand kan haar dit nadoen nie! Sy het die skool en elke leerder in 2010 in die holte van haar hand gehou. (Matthee 2010)

Faro is tans 'n eerstejaarstudent aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) in Bloemfontein, waar sy 'n BA-graadkursus met politieke wetenskap, geskiedenis en Afrikaans as hoofvakke volg. Op grond van haar prestasies in die Wêreldkennis-olimpiade ontvang sy 'n beurs van die UV. Sy dien in die Eerstejaarskomitee van Huis Soetdoring en is 'n lid van die Joolkomitee vir 2011–2. Sy is ook gekies vir die universiteit se F1 Leierskapprogram vir Verandering en sal in 2011 buitelandse universiteite besoek.

Op grond van bostaande ag ek as navorser dit redelik om te aanvaar dat Faro as positiewe rolmodel 'n besondere voorbeeld stel, en dat sy ander leerders moontlik mag inspireer om ook suksesvol te wees. Vervolgens word aangedui watter metodologie tydens hierdie ondersoek gebruik is.

3. Ontwerp van die ondersoek

Crous, De Bruin, Roodt, Van Vuuren, Schoeman en Stuart (2006:4) dui aan dat hul waardering van die uitstaande psigometris en akademikus Johann M. Schepers, die eerste waarderende ondersoek van 'n individu was. Daarna het Pretorius (2010) gevolg met sodanige ondersoek van Gerhardus P.V. Bosch, 'n uitsonderlike biologie-onderwyser aan die Sekondêre Meisieskool Oranje.

Harold Bloom in Crous e.a. (2006:4) huldig die volgende mening aangaande 'n waarderende metodologie: “[A]ppreciation is the best mode of understanding outstanding ability.” Cooperrider, Whitney en Stavros (2008:205) motiveer die waarde van 'n waarderende benadering op treffende wyse:


Appreciation involves the investment of emotional and cognitive energy to create a positive image of a desired future. Likewise, appreciative learning cultures accentuate the successes of the past, evoke images of possible futures, and create a spirit of ongoing inquiry that empowers members to new levels of activity.

Volgens Whitney en Trosten-Bloom (2010:2) behels waardering die volgende:

Appreciation has to do with recognition, valuing, and gratitude. The word appreciate is a verb that carries a double meaning, referring to both the act of recognition and the act of enhancing value. Consider these definitions:

1. To recognize the best in people and the world around us.
2. To perceive those things which give life, health, vitality, and excellence to living human systems.
3. To affirm past and present strengths, successes, assets, and potentials.
4. To increase in value, as in “the investment has appreciated in value”.

Daar is gevolglik op waarderende ondersoek (WO) as metodologie vir hierdie studie besluit. 'n Tipiese WO behels gewoonlik vier fases (die sogenaamde 4D-siklus – sien Figuur 5). Dit word ingelei deur die identifisering van die agenda van verandering en die keuse van die onderwerp van waardering (Whitney en Trosten-Bloom 2010:6, 7). In die geval van hierdie studie is die agenda van verandering – en dus ook die doel van die ondersoek – om 'n profiel van 'n uitstaande skoolleier, Emme-Lancia Veronique Faro, wat dan ook die onderwerp van die studie is, saam te stel. Cooperrider e.a. (2008:xv) beskryf hierdie inleidende stap as volg: “AI begins by identifying what is positive and connecting to it in ways that heighten energy, vision, and action for change.”



Figuur 5. Die waarderende ondersoek 4D-siklus. (Aangepas uit Cooperrider e.a. 2008:5 en Whitney en Trosten-Bloom 2010:6.)

Dieselfde skrywers som die verdere verloop van die 4D-siklus kortliks as volg op:

The process is dynamic and interactive. It builds on imagination and flexibility for its success. It starts with Discovery. At this stage, the “best of what is” in a system is identified as the positive core. The second stage is Dream. This stage teaches a visioning process to suggest “what might be”. The third stage is Design. The Design [phase] outlines the steps to create the ideal system for an organization. It builds on the positive core and the envisioned results of the first two stages. It allows for co-constructing the ideal design, “how it can be”. The final stage is termed Destiny. The Destiny [phase] covers the implementation and model for sustaining an appreciative learning environment, “what will be”. (Cooperrider e.a. 2008:xxviii)

Tydens die eerste fase, die ontdekkingsfase, word gesamentlik gepoog om die beste van dit wat is en was te verstaan. Dit word tipies gedoen deur individuele waarderende onderhoude (Whitney en Trosten-Bloom 2010:7). Deelnemers vra mekaar vrae, maar nie sommer enige vrae nie: alle vrae is onvoorwaardelik positief van aard (Cooperrider e.a. 2008:2).

By die onderhoude van sowel Crous e.a. (2006) (waardering van Johann Schepers) as Pretorius (2010) (waardering van Gerhardus Bosch) was ses persone betrokke. In die geval van die onderhawige studie het die navorser dit noodsaaklik geag om waarderende persoonlike onderhoude met twee groepe mense wat nou kontak met Faro gehad het, te voer:

Ses leerkragte wat nou met haar saamgewerk het.

Sewe huidige en vorige leerders wat nou met haar saamgewerk het. Vyf van die leerders is tans nog op skool en twee is studente.

Die rede vir die besluit is dat die twee groepe Faro se hoedanighede vanuit verskillende perspektiewe kon belig. Die samestelling van die twee groepe wat nog aan die skool verbonde is, is goedgunstiglik deur die skoolhoof, me. Matthee behartig. Die twee studente is gewerf onder oudleerders wat tans verder studeer. Die volgende waarderende vrae, gebaseer op die vrae deur Crous e.a. (2006) en Pretorius (2010) gebruik, is aan die deelnemers gestel:

1. Wat is jou eerste of aangenaamste herinnering aan Emme-Lancia?
2. Vertel my van 'n geleentheid waar sy baie vir jou beteken het.
3. Vertel my van een van haar toesprake wat jou beïndruk het.
4. Wat maak van haar 'n goeie leier?
5. Wat sou jy sê is die één ding wat haar beskryf – waarsonder sy net nie Emme-Lancia sou wees nie?
6. Wat wens jy kan toekomstige hoofmeisies by haar leer?

Die eerste vyf vrae is as deel van die ontdekkingsfase gestel en die laaste vraag as deel van die droomfase. Tydens die droomfase is die onderhoude ook gekodeer en ontleed om sodoende 'n aantal positiewe temas te identifiseer waaruit Faro se profiel, of positiewe kern, saamgestel is. Hierdie profiel word as positiewe raamwerk vir ontwikkeling en verandering aangebied. Dit mag moontlik ander leerders inspireer om haar profiel te gebruik om 'n persoonlike raamwerk vir ontwikkeling te ontwerp – die ontwerpfase. In die proses is dit moontlik dat haar profiel en nalatenskap hul bestemming raak (Crous e.a. 2006:4).

Die eerste twee fases van hierdie WO het dus tydens die studie plaasgevind en die laaste twee fases word vir voltooiing aan huidige en toekomstige skoolleiers en onderwysers oorgelaat. Een van die beginsels van waarderende ondersoek is sosiale konstruksionisme (Watkins, Mohr en Kelly 2011:38, 72; Whitney en Trosten-Bloom 2010:49–50): menslike kommunikasie is die sentrale proses wat ons realiteite skep, onderhou en herskep. Ken Gergen, wie se werk op hierdie gebied 'n groot vormende impak op WO gehad het (Watkins e.a. 2011:38; Whitney en Trosten-Bloom 2010:49–50), verwoord hierdie proses soos volg: “We recognize that, as people create meaning together, so do they sow the seeds for action. Meaning and action are intertwined. As we generate meaning together we create the future.”

Watkins e.a. (2011:72) verduidelik verder:

[T]hat what we believe to be real in the world is created through our social discourse, through the conversations we have with each other that lead to agreement about how we will see the world, how we will behave, what we will accept as reality.

Daar sou onder andere voorsien kon word dat die stories omtrent Faro en haar profiel as platform vir so 'n proses tydens leerderraadkampe kan dien.

4. Uitkomst van waardering: stories, ervarings en verhoudings

Die doel en waarde van waarderende onderhoude en vrae in hierdie verband word deur Whitney en Trosten-Bloom (2010:15) aangedui:

In good appreciative interviews, we are not just interested in data – we are interested in experience and relationships. Perhaps the most discernable characteristic of our best appreciative interview questions is that they invite people to tell stories and participate at that very human level.

Uiteraard was dit onmoontlik om die besonderhede van al die onderhoude in te sluit. Wat hier aangebied word, is egter 'n verteenwoordigende keuse uit die stories en ervarings van die deelnemers, asook van die verhoudings wat hulle elkeen met Faro gehad het.

Die sentrale posisie van stories op die terrein van WO word deur Crous e.a. (2006:6) aangetoon: “It is in the stories told about him that the authentic Johann Schepers emerges. These stories highlight the fact that it is through his encounters with people that he brought about change in them.”

Cooperrider e.a. (2008:3) meen dat stories energie vir verandering kan genereer: “From this [stories], AI links the energy of the positive core directly to any change agenda. This link creates energy and excitement and a desire to move toward a shared dream.”

Whitney en Trosten-Bloom (2010:103) sluit hierby aan: “Stories inspire new conversations, giving people the refreshing experience of talking about successes, best practices, and dreams for the future as a foundation for planning. In short, they encourage people to want to learn more.”

Deur die woorde van Watkins e.a. (2011:147, 148) word die weergee van stories in hulle oorspronklike formaat – soos hier onder en in die studies van Crous e.a. (2006) en Pretorius (2010) gedoen – kragtig gemotiveer:

The use of the story as the primary format for conducting an Appreciative Inquiry is intentional. Stories have the depth and breadth in them that convey meaning much more effectively than a list of key points or other reductionist reports of human experience. Stories have power to engage the imagination in ways that diagnostic discussions cannot. [...] As the story is remembered, recounted, and received by the listener, it becomes a living thing. The “aliveness” of the story energizes listeners to pass it on and remains reborn in the storyteller and gives new insight and life.

Tabel 1. Onderwysers se reaksies op waarderende vrae

Vraag 1: Wat is jou eerste of aangenaamste herinnering aan Emme-Lancia?	
Onderwyser A	Sjoe! Dit was eintlik ongelooflik hoe sy 'n klas vasvat. Maar vrolik, en lag. Ja, dit was vir my omtrent die ding gewees, ja.
Onderwyser B	Weet jy, kyk sy was in my registerklas. Sy was drie weke in daai klas, toe sê ek vir my man sy gaan Oranje se eerste bruin hoofmeisie wees. In standerd 8! Sy is 'n geweldige positiewe kind. Stil, op haar plek, maar verskriklik positief. En op 'n stil manier, baie dinamies. Sy't net 'n charisma uitgestraal, jy weet. Iets wat ... jy kan dit nie regtig vasvat in woorde nie, jy weet, want daar was iets om haar, wat jy net gesien het.
Onderwyser C	As ek dink hoe sy die hele skool met haar saamgeneem het. En weer eens, daar was nie 'n middeweg nie: Ons almal doen dit op hierdie manier, want dit is hoe 'n Oranje-meisie dit doen.
Onderwyser D	Emme-Lancia? Weet jy, die wonderlikste ding wat ek gesien het, is ... dit was basies toe sy hier in graad tien was, is dat sy die kinders so half opgesweep het om skoon te maak in hierdie skool. Dit was ongelooflik gewees; dat sy letterlik agter hulle gestaan het en saam met hulle skoongemaak het, anders as van die ander meisies.
Onderwyser E	Toe sy in my klas gekom het en sy't vir my gesê: “Morning Mam!” Onmiddellik spontaan. Onmiddellik bereid om enigiets te doen. Openhartig, vriendelik, jy weet, dit is my ervaring van haar. Sy was ... sy het ... geen kind wil Engels praat wat in jou klas instap nie en as 'n kind inwals en vir jou sê: “Morning Mam!”, begin dit onmiddellik met <i>WOW!</i>
Onderwyser F	So as ek dink oor die belangrikste een, dan moet ek sê dit is haar dinamika waarop sy met mense omgaan en ongelooflike reaksie

	terugkry.
Vraag 2: Vertel my van 'n geleentheid waar sy baie vir jou beteken het.	
Onderwyser A	Wel, sy het geografie geneem en dit was nogal 'n moeilike graad 11-klas, maar ek weet ek was eendag ... jy weet mos daar is party dae wat jy nie lus is vir skoolhou nie ... en sy het die klas net sommer vasgevat en gesê: "Kom julle! Kan julle nie sien Juffrou voel nie lekker nie?" Jy weet, sy is eintlik 'n wonderlike kind. Ek was eintlik so mal oor haar.
Onderwyser B	Weet jy in klasverband, want in graad nege was sy my VRL-lid ook gewees. In klasverband kon ek regtig ... ek kon vir haar 'n opdrag gee. Toe het ons die opdrag gehad – die skool was toe honderd jaar oud – toe het ons die opdrag gehad om 'n album of 'n boek of 'n wat ook al ... om iets saam te stel om dit te vier. En sy het met die leiding, of wel die helfte van die klas, en veral twee ander maats – sy het vir Elbie du Toit en Lize Bosman gehelp – het ons daai jaar die kompetisie gewen. As sy iets aangepak het, het sy dit met absolute oorgawe en entoesiasme aangepak.
Onderwyser C	Die waardering wat ek gehad het ... vat ek sommer by haar mondelinge, wat sy alles net daar ingesit het en ook, sonder uitsondering, 'n boodskap oorgedra het en vir kinders iets dieper wou leer. En op daai stadium, dink ek, hulle sou baie eerder na iemand soos sy luister as noodwendig na 'n onderwyser wat presies dieselfde boodskap gee. Want sy het daai insig om daai goed oor te dra. En, soos ek jou sê, altyd, soos in onbeskryflik goed. Absoluut <i>tops</i> . Want ek onthou nog die een oggend in die saal het sy 'n toespraak gelewer, en ons moet mekaar se goed kontroleer, so ek stuur altyd van my kinders na Lucia toe en dan kontroleer sy die mondelingspunt wat ek gegee het – is hy reg? En dan stuur sy nou weer later vir my van haar kinders. En toe sê ek sommer vir Lucia: Luister na Emme-Lancia! En na die tyd toe sê sy net: tien uit tien.
Onderwyser D	Sy het by my biologie gehad, so sy het nogal partykeer as die ander kinders ... as sy sien hulle kry my bietjie onder, dan het sy hulle bietjie onder hande geneem en sy het partykeer met my ook kom gesels en seker gemaak ek is <i>orraait</i> en so aan, wat vir my nogal baie <i>nice</i> is.
Onderwyser E	Laat ek net sien. Nou moet ek mooi dink. Daar was so baie. Dis ongelooflik, ek bedoel dis moeilik. Ek kan nie 'n spesifieke een noem nie, maar in die algemeen, sy het 'n ongelooflike vermoë om 'n onderwyser se gemoed te voel. En sy kan net bysit en sê: "Ag Mam, have a good day." Of sy sal net so 'n vrolike woordjie sê as sy sien jy's bietjie af.
Onderwyser F	En dan voel dit vir my op 'n manier dat as sy die kinders kan saamsnoer, dan maak dit my taak makliker. En sy het verlede jaar gesê, dit is ons missie. Ek kom hierdie jaar in die prefekkamer, sy het daai ding laat raam. Ek het nie eers daarvan geweet nie. Sy het 'n foto van die VRL geneem en sy het hulle leuse boaan geskryf en dit laat raam, en dit daar opgehang. So ek dink sy het die kinders so saamgesnoer dat dit nie net my, maar elke onderwyser se taak vergemaklik het. Jy het nie dissiplineprobleme gehad nie. Jy het ook nie motiveringsprobleme

	gehad nie.
Vraag 3: Vertel my van een van haar toesprake wat jou beïndruk het.	
Onderwyser A	Die dag toe sy hoofmeisie word, het sy dadelik saam met die twee onderhoofmeisies ... het hulle dadelik begin bid en eintlik gesê die Here moet net leiding neem. Dit was vir my ongelooflik daai jaar, dat 'n mens ... dat – voor sy enigiets kon sê – toe het sy begin bid. So, dit was eintlik 'n ongelooflike ding. En ek dink met daai hele res van haar jaar in matriek, het sy altyd eintlik die Here voorop gestel.
Onderwyser B	Weet jy, op die matriekafskeid ... ag 'n paar van hulle. Ek kan eintlik nie net eers een uitsonder nie. Sy het haar toesprake vreeslik deurgedink. En sy het vreeslik mooi, selfs in haar toesprake, van haar ouers gepraat. Haar toesprake was altyd positief. Sy was nooit afbrekend nie. Sy het altyd vreeslik baie goed om haar raakgesien en mense in haar toesprake daarmee gemotiveer. Selfs haar hoofmeisietoespraak, toe sy aangekondig is die aand, was 'n kort toesprake. En sy was oorweldig. Dit was nie dat jy die gevoel gehad het sy het dit verwag en vreeslik voorberei het nie.
Onderwyser C	Ek kan nie regtig nie, want almal was net onbeskryflik. En ons het altyd gepraat oor haar taalgebruik, die beelde wat sy gebruik het. Ek kan ongelukkig nie nou spesifiek een onthou nie, maar toe sy met die matrieks gepraat het die laaste dag, by die prysuitdeling, elkeen van daardie was van so 'n standaard dat mense letterlik na hulle asem gesnak het.
Onderwyser D	Sy het nie elke keer dieselfde ou storie nie. So, sy het nie gedweep of iets nie, sy het op die man af, op die punt af haar storie vertel. So, dis eintlik moeilik om iets spesifiek uit te sonder.
Onderwyser E	Dit was almal uitstaande. Die vermoë wat sy gehad het was om die gehoor te boei met wat sy sê en mense saam met haar te vat en hulle te motiveer, ongeag met watter spesifieke groep sy praat. Ek het net soveel geluister en almal was vir my goed.
Vraag 4: Wat maak van haar 'n goeie leier?	
Onderwyser A	Sy is minsaam. Baie. En ek dink baie opreg ook. Dit wat jy sien, is hoe sy is ... jy weet ... en ek dink sy het so vrede met haarself ook. Sy kom so goed oor omdat sy so in haar hart ... eintlik so vrede met haarself en haar omstandighede het.
Onderwyser B	Sy observeer geweldig goed. Sy het 'n dinamika wat sy uitstraal. Sy's geweldig hardwerkend, sy sal nie van iemand anders iets verwag as sy nie self bereid is om dit te doen nie. Sy gee 200 persent van haarself. En ek onthou, sy het nooit baklei met die kinders nie. Sy het op 'n mooi manier vir hulle goed gesê en uitgelig. En dan, natuurlik, haar pa en ma. Haar waardes is so goed dat sy dit op 'n baie mooi manier kan uitleef.
Onderwyser C	Haar toewyding en sy twyfel nie in haarself nie.
Onderwyser D	Bloot die feit dat sy lei deur 'n voorbeeld te stel en dat sy nie onder groepsdruk val nie. Sy doen haar ding. Sy glo in wat reg is. En bloot daardeur het sy haar medeleeders sowel as die personeel, spesifiek,

	gewen.
Onderwyser E	Die feit dat sy voor loop. Sy sê nie: “Doen dit” nie. Sy sê: “Kyk wat ek doen.” En dat sy ... kyk vir my as mens ... my geaardheid is so dat mens moet ferm wees, maar jy hoef nie ’n vark te wees nie.
Onderwyser F	Ek dink, miskien, omdat sy respek het vir almal. Sy toon respek en daarom toon mense vir haar respek. En sy het ’n ongelooflike gawe om te inspireer.
Vraag 5: Wat sou jy sê is die één ding wat haar beskryf – waarsonder sy net nie Emmelancia sou wees nie?	
Onderwyser A	Haar vrolikheid, ja.
Onderwyser B	Haar waardes.
Onderwyser C	Sy sal nie dieselfde wees sonder haar doelwitte wat sy stel nie. Ja, haar doelwitte en haar gedetermineerdheid om dit te bereik.
Onderwyser D	Wel, kyk, haar goeie waardes, haar spontaneïteit. Grootliks haar spontaneïteit. Dat sy met enigiemand kon praat en respek afdwing.
Onderwyser E	Ek glo nie dit was aldag vir haar maklik nie. Maar sy het vasegebyt en met spontaneïteit en deernis en haar Christenskap het sy aangehou aangaan – sonder dat mense dit agtergekom het. Maar ek weet, my hart sê vir my, en my verstand sê vir my, dit was nie elke dag vir haar ’n <i>walk in the park</i> nie.
Onderwyser F	Ek dink dit is haar breë glimlag. Haar glimlag is sekerlik nommer een. En die oë wat altyd blink. Dit is so. Ek dink mens sou sê respek. En sy het ’n ongelooflike ... sy is ’n gelowige kind. Dit moet mens sê. Ek sien as sy vir my ’n SMS stuur, dan dit en dit en dit, dan sal sy vir my sê Josua 3:6, of wat ook al. So ek dink sy weet ook waar sy haar krag vandaan kry. [...] Ons moet daarby ook sê ... ek dink mens moet haar ouers ook krediet gee. Hulle het, in ’n sin, vir haar die pad oopgemaak.
Vraag 6: Wat wens jy kon toekomstige hoofmeisies by haar leer?	
Onderwyser A	Sjoe! Daardie opregtheid. Ek weet nie. Ek het lanklaas ’n kind gesien wat so opreg is, wat nie eintlik vooropgestelde idees het in die lewe, of dat ander spesifiek moet iets doen dat hierdie een van jou moet hou nie.
Onderwyser B	Dat sy kan leer wanneer om op die voorgrond te tree, en wanneer om terug te tree. Ek dink hoe om mense te motiveer, te luister en gemotiveer te word. En haar geweldige, geweldige entoesiasme. Lojaliteit. Geweldige lojaliteit, daai kind.
Onderwyser C	Jy is nie hier om gewild te wees nie. Ja, definitief dit. En ten spyte daarvan, kan ek net nie vir jou sê dat ek van een mens weet wat nie van haar gehou het nie, maar daar was definitiewe grense en lyne. En ja, daar was nie ’n kinkeltjie na ’n kant toe nie. Dit was duidelike lyne – man, oor enigiets – regtig. En die kinders het daarby gebly. So, ek wil graag dink hoofmeisies moet enduit ... en dit is die ander ding, dit het nie opgehou nader aan die tyd van ons prysuitdeling nie. Sy het absoluut tot die heel laaste dag elkeen van daai goed toegepas.
Onderwyser D	Dis eintlik baie moeilik om te sê, hoor. Sy was enig in haar soort. Jy

	<p>weet, ek is al tien jaar hier, en dit is die eerste keer wat ek so iets beleef het. Ek dink bloot die feit dat sy in haar omgang met die leerders, met haar medeleerders, soveel respek afgedwing het sonder om haar waardes prys te gee. Dis iets wat ons baie selde kry ... en dit is geneig ... omdat die hoofmeisie en haar kliek wegkom met moord en die res ly daaronder. Met haar was dit 'n kwessie van reg is reg, en verkeerd is verkeerd. Klaar. Daar was nie grys areas nie. Ek dink dit is iets wat ander hoofmeisies by haar kan leer.</p>
Onderwyser E	<p>Dit is soos Johané [hoofdogter in 2011] gesê het die dag toe sy gekies was as hoofdogter. Toe sê sy, sy het net die vorige week gesê sy kry die kind jammer wat vir Emme-Lancia moet opvolg, want Emme-Lancia het onder die grootste druk die briljantste toespraak gelewer. Sy het presies geweet wat om op daai oomblik te sê en te doen. As almal negatief was, het sy die vermoë gehad om dit om te keer; ek bedoel, dit wil gedoen word. As jy skoolreëls kan toepas en vir 'n meisie sê jy moenie jou hare kleur nie. Ek bedoel, dis die eerste keer vandat ek hier skoolhou, en dis my elfde jaar, het sy dit reggekry dat die matrieks almal by die skool was tot die laaste dag. Dit het nog nooit gebeur nie. Nee ek bedoel, dit is 'n klein dingetjie, maar dit sê vir jou ongelooflik van leierskap. Sy het hulle so gemotiveer dat die klasse vol was tot die laaste dag.</p> <p>Sy was nie bang om vir 'n kind te sê: "Horie", of vir haar eie vriendin te sê: "Nee maar, toe kom nou." Dit was die jaar wat ons as onderwysers die minste moeite gehad het met dissipline.</p> <p>En as onderwysers verkeerd was, het sy baie maal vir my gesê: "Nee, Juffrou." Dan luister ek, want sy was so gewees dat jy vir haar kon luister. En sy het goed reggekry by hierdie skool wat geen ander hoofmeisie ooit kon regkry nie ... wat hulle al honderd keer probeer het. Want, omdat sy so in haar dissipline was, en so sterk was, kon 'n mens sê: "Horie, die pêrel-oorbelletjies, so het juffrou Matthee gesê, horie, doen dit." Hoekom? Want Emme-Lancia het gevra. En omdat Emme-Lancia al die dissipline van die skool so goed doen, voel 'n mens: "Horie, maar kom ons help ook waar ons kan." Sy het almal geïnspireer. Ek het vir haar die dag gesê na daai toespraak, ek sê vir haar: "Maar ek dog jy gaan nou die eerste vrouepresident word." En sy sal dit kan doen. Sy kan.</p>
Onderwyser F	<p>Kan ek jou sommer sê: kry 'n <i>grip</i>. Dit is eintlik wat ek wou sê. Ek dink 'n mens moet ...jy moet 'n duidelike visie hê ... jy moet 'n duidelike visie hê: waar gaan ek met hierdie kinders heen? Eers, wat is my visie? En dan, wat maak ek met die VRL? Neem ek hulle met my saam? En dan die vermoë om elke liewe keer wanneer sy met hulle praat, dieselfde ding oor en oor te doen. Sy het nie twintig goed probeer vaslê nie.</p>

Tabel 2. Leerders en studente se reaksies op waarderende vrae

Vraag 1: Wat is jou eerste of aangenaamste herinnering aan Emme-Lancia?	
Leerder 1	Ek en sy was al twee in Otto, ons huis – soos die sporthuis. Sy het ons altyd gemotiveer om soos deel te neem en soos jou beste te gee. En ook, soos sy was 'n fenomenale spreker. Haar toesprake, ons is net van ... want sy het so goeie taal gebruik, en ook, sy het sommer so uit haar kop uit goeters geken, so dit was regtig goed.
Leerder 2	Sy was altyd energiek. Altyd as sy 'n plan gehad het dan was dit ... klap hande ... nou gaan ons uitsien na die ding. Ja nee, sy was energiek en passievol.
Leerder 3	Ek moet sê sy was baie geesdriftig gewees. En tot aan die einde van die jaar nog. Sy het nooit opgehou nie. Ja, sy was altyd baie positief en so. En als wat sy beplan het aan die begin van die jaar, op die kampe en so, het sy volgehou.
Leerder 4	<p>As ek aan haar dink, dan dink ek aan Jakobus 3:17. Moet ek vir oom lees wat daar staan?</p> <p><i>Asseblief.</i></p> <p>Oukei. “Maar die wysheid wat van Bo kom is allereers sonder bybedoelings, en verder is dit vredeliewend, inskiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg”, en dan vers agtien staan daar: “Hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding met God, en jy moet dit gebruik om vrede te maak.” En dan staan daar nog goedjies, maar ek het maar net so ...</p> <p><i>Is dit vir jou die essensie van wat sy ...</i></p> <p>Ja, ja, oom. Ek dink dit beskryf wat sy is. Sy het baie respek op ons afgedwing, want ons almal kan onthou. En sy is regtig een van die hoofmeisies wat ons almal sal onthou. Sy het regtig 'n groot verskil gemaak. Ek dink almal kyk na haar op, regtig.</p>
Leerder 5	<p>Sy het my altyd so spesiaal laat voel. As sy met my praat is ek soos: “A! Emme-Lancia praat met my!” Dit was nogal vir my spesiaal en sy het altyd mense op jou naam genoem. Dit was nogal vir my spesiaal van haar en sy het regtig moeite gedoen en belang gestel in jou en sy het jou nie sommer net as nog 'n persoon gesien nie.</p> <p><i>Ek verstaan.</i></p> <p>Baie moeite gedoen met mense. En as hoofmeisie het ek gedink, sy het 'n manier gehad om respek af te dwing, maar sy het mense gesê wat hulle verkeerd doen, sonder om te raas. Sy het so 'n spesiale manier. Ek weet nie hoe om dit te doen nie. Sy het 'n manier gehad om vir iemand te sê “Jy is verkeerd”, sonder dat daai persoon kwaad is of sleg voel of so.</p>
Student 1	Dit was vir my half ... in graad vier toe ek instap in die klas en daar is 'n plekkie langs haar oop en sy sien ek is 'n nuwe kind, toe het sy half aangemoedig vir my om by haar te kom sit. So, ek moet sê vanaf daai tyd

	nog het sy nog altyd net half 'n goeie indruk op my geskep.
Student 2	In graad twee het ons saam in die skool ingekom en toe is ek en sy en Malicia maatjies. En ons het ... daar is so 'n parkie by die skool waar die graad eens, twees en dries in speel ... en ek onthou net hoe het ons altyd in die boom gespeel, prinses en koningin, en dan moet die prinsesse vir die koningin heelyd goed gaan vat. Dit was die lekkerste speelherinneringe.
Vraag 2: Vertel my van 'n geleentheid waar sy baie vir jou beteken het.	
Leerder 1	Soos, toe ek nou aangekondig is as hoofmeisie of wat ook al, toe het sy soos vir my 'n brief gegee waarin sy my soos motiveer en goeters sê. Dit was nogals vir my iets wat ek nogal sal onthou. Soos, baie keer dan lees ek nog die brief van raad wat sy vir my kan gee op plekke, wat kan help.
Leerder 2	Sy het my 'n beter leier gemaak. Daar is tye wat sy my gehelp het om ... hoe om die klas en die kinders ... hoe om hulle te betrek by jou en jou nie hier bo en hulle is hier onder nie, maar dat julle almal op dieselfde vlak is. Ek dink sy het baie daartoe bygedra dat ek ook my beste kon gee waar ek leier was.
Leerder 3	Sy sou so nou en dan elke kind op die VRL SMS en selfs herinner sy jou net van iets of so. Maar partykeer ook net soos 'n bybelversie of so en sê "Sterkte met dit" of "Ek dink aan jou." <i>Hoeveel is daar op die VRL?</i> Ek dink ons is, saam met die graad agts, is ons in die twintigs iewers. <i>En dan stuur sy vir elkeen van julle 'n SMS?</i> Ja.
Leerder 4	Oom, sy het mos, ek dink, in een of ander <i>Vooruit</i> het sy geskryf iets van dit is nie ons as mense nie, maar dit is die Here. Ek dink ek het dit hier opgeskryf. <i>Ja?</i> Haar woorde was: "Die lewe gaan nie oor ons nie, maar oor die Here." En haar hele menswees was ook so. Sy het nie uit haar eie uit gedoen nie, maar oor die Here. <i>Joe. Dis great. Ek is vreeslik beïndruk dat jy voorberei het. Baie dankie hoor.</i> Nee, dit is 'n plesier oom.
Leerder 5	Ek weet op die stoepe by die skool het sy baie met my gesels en so aan en sy het my altyd gegroet. En in die VRL-vergaderings ook het sy ... as jy 'n opinie lewer, of ... sy het ... sy [het] nooit snaaks gedink van jou of so nie. Sy het dit waardig geag.
Student 2	Jis, elke dag! As sy net na my toe gekom het en gesê het: "Potsie mater! Hoe gaan dit?"

Vraag 3: Vertel my van een van haar toesprake wat jou beïndruk het.	
Leerder 1	Ek kan nie onthou wat sy gesê het nie, maar ek onthou by laas jaar se verjaarsdag was, dit was briljant.
Leerder 2	Nou moet ek vinnig dink. My geheue is dié van 'n goudvissie. <i>Ag, as jy nie een kan onthou nie dan is dit ook nie so ...</i> Dis nie iets wat net gesê was nie. Dis iets wat sy gesê het, en dit was amper asof sy uit haar hart uit gepraat het. En dis altyd ... as dit 'n hartseer saak was, was daar altyd trane. So, ja ...
Leerder 3	Ja, ek weet met die verjaarsdag, want ons het mos 'n groot funksie daar, het sy baie mooi gepraat. En sy het regtig nogal die geskiedenis betrek by vandag en so. En ek het baie trots gevoel.
Leerder 5	Ek dink, op die skool se verjaarsdag, ja. Ek het begin huil toe sy gepraat het. En sy het ook daai ding gehad, die leuse van verlede jaar was mos "RED", "RED in Christus". Elke keer sê sy dit is vir "respek en dissipline". Sy het dit baie keer in [die] saal ook gedoen. Dan vra sy waarvoor staan "r", waarvoor staan "e" en waarvoor staan "d".
Student 1	Ag nee. Daar was almal. Ek het veral ook baie ... het ek half uitgesien na die toespraak by die Vrouemonument, toe ons in matriek op die muur gesit het. En dit was kort en kragtig. En ek weet altyd het sy haar toesprake afgeëindig met "voluit, enduit en vooruit". Ek onthou ook met die matriekafskeid toe sy vir Elbie en vir Nicola geroep het om by haar te kom staan terwyl sy haar toespraak gemaak het. En, soos my boetie was weggeslaan toe sy by die matriekafskeid gepraat het, want my boetie was ook daar. Toe sê hy sy verdien vir seker om daar te wees. Want, ja nee, sy het net 'n manier om van die hart af te praat. Ek kan nou nie ... verstaan ... elke woord vir woord onthou nie, maar die boodskappe en die kerngedagte sal altyd by my bly.
Student 2	Maar al haar toesprake was altyd goed. Maar definitief, op die matriekafskeid het sy ons laat huil.
Vraag 4: Wat maak van haar 'n goeie leier?	
Leerder 1	Ek dink dat sy nie ... hoe sal ek sê? Sy weet watse besluite om te neem en sy laat nie haar gevoelens dit beïnvloed nie. Sy't nie altyd gedink wat sy self voel nie, maar wat gedoen moet word is belangriker en dan het sy daarop gefokus. Ja, dit was nogals iets wat uitgestaan het.
Leerder 2	Passievol, ja. En ek dink 'n goeie rol wat ook gespeel het, sy het Liewe Jesus se hand vasgehou.
Leerder 3	Wat ek kan onthou van haar is, sy het regtig nogal amper elke kind op haar naam geken. Ek weet eendag het ons ... wou sy met almal praat en toe het sy gekry op die paviljoene dat almal sit en so. En dan sal sy ... soos kinders wat half ... nou stiller kinders is, dan sal sy hulle op die naam noem. En as sy nie weet wie dit is nie, as dit sê nou maar 'n nuwe kind is, dan vra sy: "Horie, wat is jou naam? En van waar af kom jy?" So, sy het regtig belang gestel in elke kind. En dit het my baie verbaas. Van die meisies het vir haar

	gevra: “Het jy met die jaarblad gaan sit en leer?” Toe sê sy nee, sy stel maar net belang.
Student 2	Sy hanteer enige situasie met verskriklike baie takt. As iets verkeerd geloop het, dan het sy nie begin raas of skree nie, sy het mooi die saak hanteer en dit mooi bespreek. En sy het altyd ander mense in ag geneem voordat sy opgetree het.
Vraag 5: Wat sou jy sê is die één ding wat haar beskryf – waarsonder sy net nie Emme-Lancia sou wees nie?	
Leerder 1	Ek dink haar teenwoordigheid op plekke. Sy het net so ... sy borrel net oor. Sy is altyd net so vriendelik en 'n aangename mens. Haar persoonlikheid. Sy is regtig ... mens wil by haar wees, so sy is ... as jy haar sien ook, met haar praat ... dan dadelik kan jy sommer agterkom: nee, maar sy is 'n goeie ... mens kan met haar <i>relate</i> .
Leerder 2	Ek dink haar glimlag. Ek dink nie sy sal ... ek dink nie sonder ... as mens daai glimlag mis dan weet jy sommer dis nie Emme-Lancia nie. As sy nie glimlag nie dan het jy geweet daar is iets fout.
Leerder 3	Ek sou sê, seker maar haar positiwiteit.
Leerder 4	Ek dink haar passie. Ek dink haar passie vir die skool en vir mense. Oom, as sy 'n doel gehad het, of as sy 'n ding wou doen, dan het sy hom gedoen. Daar was nie 'n ander pad nie. Dit was daai pad en sy het hom gedoen.
Leerder 5	Sy was ongelooflik lief vir Oranje. Mens kan dit sien in alles wat sy doen. Ek dink sy het net geborrel van Oranje. Haar liefde vir die skool. En sy was glad nie skaam oor enigiets van haarself nie. Sy het op haar twee voete, standvastig op die aarde gestaan. En sy het glad nie <i>geworry</i> oor wat enigiemand van haar gedink het nie, en ek dink dit het ook 'n groot bydrae gelewer oor hoekom sy so goed was, soos wat sy was. Sy was net haarself. Ja, so dis nou baie goedjies.
Student 1	Sy het veral met dit ... omdat ek haar vriendin is en ek weet hierdie goed, het sy maar half swaar getrek met die feit met die hoofmeisieskap en so. Maar sy het nooit teruggestaan vir die feit van watter agtergrond sy af kom nie. Sy het altyd dit <i>ge-embrace</i> en sy het dit tot die beste van haar vermoë ... het sy deel gemaak van haar leefwyse en haar menswees. En dit het my ook altyd half beïndruk – die feit dat sy nie <i>worry</i> van waar af sy kom nie, maar dat sy nog steeds die beste leier kan wees. En half ander mense kan leer uit wat sy al ervaar het. En sy het, ek moet sê, die skool ook op 'n ander wyse ... het sy die skool half omgedraai. Die feit van dissipline en eenheid, en ... want ja, sy het regtig op almal het sy 'n groot indruk gemaak, so ek weet nie.
Student 2	Jis, dit is moeilik. Haar liefde. Sy is baie lief vir almal.
Vraag 6: Wat wens jy kon toekomstige hoofmeisies by haar leer?	
Leerder 1	Daar is eintlik so baie. Ek dink, dat jy jouself moet bly. Sy het nie verander nie. Hou net jouself. En moenie verander omdat jy dink dat ander dan van jou gaan hou nie. Bly net soos jy is, want dan, as jy jouself aanvaar kan ander jou ook aanvaar.
Leerder 2	Wat ek sal sê, wat hulle by haar moet leer, is eerstens, om nie alles self te

	wil doen nie. Sien, sy het nie alles op haar geneem, om alles self te doen, om alles te doen en al die <i>pressure</i> op haar te neem nie. En om take te delegeer en om mense deel te maak van die groep. Nie, as jy hoofmeisie is, te dink jy is daar bo nie, maar om soos wat ek gesê het saam as 'n groep mense te wees.
Leerder 3	Baie kinders fokus half net op die VRL of hulle fokus sê nou maar net op die presteerders. En sy het regtig op elke liewe kind gefokus en elke kind as 'n belangrike mens gesien.
Leerder 4	Ek dink, die respek wat sy afgedwing het op die kinders. As sy gepraat het, het almal geluister. Ek weet elke hoofmeisie bring iets anders na die skool toe, maar sy het dit gehad. Sy het regtig goeie leierseienskappe.
Leerder 5	Dit is nogal moeilik. Ek dink, om net jouself te wees.
Student 1	Ek dink baie keer as mens daai stadium in graad elf, waar jy nou moet stem vir 'n hoofmeisie, dink ek sy het half die weg gebaan vir enigiemand om half die vrymoedigheid te hê en die selfvertroue te hê om te kan sê “Maar ek kan ook 'n verskil maak” of, “Verstaan, ek het ook eienskappe” en ek het ook dit geleer by haar. En ek dink ook, soos Luané hierdie jaar het toe sy as hoofmeisie aangekondig geword het die dag, toe sê sy ook van Emme-Lancia maar dít en dít en dít sal sy onthou en dít sal sy leer. Emme-Lancia het half die skool op 'n goeie noot gebring, op 'n goeie <i>level</i> , en sy sal dit net van daar af ook nog op vat. So, ek dink hulle bou op Emme-Lancia se basis wat sy klaar geskep het.
Student 2	Dat 'n mens nie respek afdwing nie. Dat 'n mens respek verdien.

5. Sewe positiewe temas en 'n positiewe profiel van 'n buitengewone hoofmeisie

Volgens Cooperrider e.a. (2008:130-1) is die identifisering van positiewe temas 'n belangrike stap tydens enige waarderende ondersoek (my byvoegings in hakies):

[P]articipants look for broad themes or life-giving forces that contribute to the organization's [leader's] success. Those positive themes are the building blocks for the rest of the AI process. They are the short answers to the question[,] What do people describe in the interviews as the “life-giving” forces of this organization [leader]? [...] By building energy, excitement, and synergy and by extracting the common themes or life-giving forces, participants can begin to envision an organization [leader – who might be themselves] of the future; an organization [leader] that embodies the images, hopes, dreams, and visions of its [his or her, my] people.

Uit die stories, waarnemings, menings en herinneringe van die deelnemers aan hierdie waardering is minstens sewe positiewe temas of hoedanighede (sien Figuur 6) as die positiewe kern van Faro se leierskap geïdentifiseer. Dit spreek vanself dat die leser self ook 'n ander of meer omvattende profiel uit die onderhoude sou kon saamstel. Ek vertrou egter dat hierdie profiel die essensie van die positiewe kern van haar leierskap, asook haar nalatenskap aan opkomende geslagte skoolleiers, verteenwoordig.

Volgens Northouse (2012:27) toon uitgebreide navorsing dat minstens ses hoedanighede noodsaaklik is vir suksesvolle leierskap: intelligensie, selfvertroue, charisma, vasberadenheid,

sosialiteit en integriteit. Ter motivering van die keuse van Faro as rolmodel is reeds na haar akademiese prestasies en toekennings verwys. Sy is dus sonder twyfel 'n intelligente leier.

In die beskrywings in Tabel 3, soos geselekteer uit Northouse (2012:22-33), word al Faro se ander hoedanighede ook weerspieël. Al die eienskappe van 'n charismatiese leier wat in die inleiding met verwysing na Northouse (2012:30) aangedui is, is by haar herkenbaar. Sodoende word dit moontlik om haar leierskapsprofiel ook in te bed of te vestig in die jongste akademiese vakliteratuur. Daarmee saam word die besluit om haar as positiewe rolmodel te bestudeer en aan te bied ook bekragtig.



Figuur 6. Sewe positiewe temas of hoedanighede van Faro se leierskap: die positiewe kern van 'n uitmuntende hoofmeisie

Tabel 3. Beskrywings van die hoedanighede van suksesvolle leiers soos geselekteer uit Northouse (2012:22-33)

Selfvertroue	Confident people feel self-assured and believe they can accomplish their goals. Rather than feeling uncertain, they feel strong and secure about their positions. They do not second-guess themselves, but rather move forward on projects with a clear vision.
Charisma	Of all the traits related to effective leadership, charisma gets the most attention. Charisma refers to a leader's special magnetic charm and appeal, and can have a huge effect on the leadership process. Charisma is a special personality characteristic that gives a leader the capacity to do extraordinary things. In particular, it gives the leader

	exceptional powers of influence.
Vasberadenheid	Determined leaders are very focused and attentive to tasks. They know <i>where</i> they are going and <i>how</i> they intend to get there. Determination is the decision to get the job done; it includes characteristics such as initiative, persistence, and drive. People with determination are willing to assert themselves, they are proactive, and they have the capacity to persevere in the face of obstacles.
Sosialiteit	Sociability refers to a leader's capacity to establish pleasant social relationships. People want sociable leaders – leaders with whom they can get along. Leaders who show sociability are friendly, outgoing, courteous, tactful, and diplomatic. They are sensitive to others' needs and show concern for their well-being. Sociable leaders have good interpersonal skills and help to create cooperative relationships within their work environments.
Integriteit	Integrity characterizes leaders who possess the qualities of honesty and trustworthiness. People who adhere to a strong set of principles and take responsibility for their actions are exhibiting integrity. Leaders with integrity inspire confidence in others because they can be trusted to do what they say they are going to do. They are loyal, dependable, and transparent. Basically, integrity makes a leader believable and worthy of our trust.
Geloof, liefde vir organisasie	Mother Teresa was a simple woman of small stature who dressed in a plain blue and white sari, and who never owned more than the people she served. Mirroring her appearance, her mission was simple – to care for the poor. From her first year on the streets of Calcutta where she tended to one dying person to her last years when thousands of people were cared for by the Missionaries of Charity, Mother Teresa stayed focused on her goal. She was a true civil servant who was simultaneously determined and fearless, and humble and spiritual. She often listened to the will of God.

Leierskap behels egter meer as 'n stel hoedanighede: dit is 'n interaktiewe gebeurtenis wat tussen 'n leier en volgelinge voorkom, die invloed wat die leier uitoefen (Northouse 2012:6). Hierin lê dan ook Faro se grootste sukses: dat sy haar hoedanighede kon gebruik en toepas om die leerders van die skool saam te snoer, te inspireer en te lei.

6. Bespreking en gevolgtrekking

Met die aanvang van hierdie waarderende ondersoek het ek relatief min van Faro geweet – net dat sy 'n goeie hoofmeisie was en dat sy goeie toesprake lewer. Met verloop van tyd, terwyl ek die een na die ander onderhoud gevoer het, het dié gewaarwording egter pertinent ontstaan: ek het te doen met 'n uitsonderlike mens en leier.

Hier het mens 'n jong dame wat doelgerig, dog op skynbaar nonchalante wyse, die harte, respek en lojaliteit van 'n hele skoolgemeenskap – en wel dié van een van die beste en mees tradisie-vaste meisieskole in die land – verower het. Sy doen baanbrekerswerk met haar

beginselvaste toepassing van dissipline, met die volhardende wyse waarop sy haar gestelde missie en doelwitte vir die skool nastreef en verwesenlik. Sy noem bykans elke kind in die skool op haar naam, knoop oral geselsies op die stoepe aan en glimlag terwyl sy dit doen. Sy is vir almal 'n vriendin, maar selfs haar beste vriendinne weet dat sy onkreukbaar is wanneer dit by die toepassing van die reëls van die skool kom.

Die meisies en die leerkrigte van die skool sien uit na haar kragtige, inspirerende, goedgeformuleerde toesprake en sy laat hulle huil van aandoening. Hulle is trots op die doelgerigte manier waarop sy die ambassadeurskap van die skool aanvaar en uitvoer. Sy ondersteun die leerkrigte vreesloos wanneer hulle dit nodig het, maar wys hulle ook tereg as sy dink dít is nodig. Omdat sy soos 'n vars, verheffende bries deur hulle klaskamers trek, aanvaar hulle sowel haar teregwysings as haar leiding sonder voorbehoud, en doen alles moontlik om haar te help en te ondersteun.

Sy word oorlaai met lof en toekennings, maar gaan skynbaar onbewus daarvan voort om dié selfopgelegde lewenstaak met passie uit te voer: om haar skool, haar gemeenskap en haar God te dien.

Om haar volledig in terme van woorde te beskryf het, helaas, 'n onbegonne taak geblyk te wees. Daar is soveel meer om van Faro te weet, soveel meer mense met wie gesels kan word. Waarderende ondersoekers vertoon egter juis 'n poëtiese aard (Watkins e.a. 2011:75). 'n Organisasie se verlede is 'n eindelose bron van inligting; soos wat Cooperrider e.a. (2008:9) dit stel: "Moreover, pasts, presents, and futures are endless sources of learning, inspiration, or interpretation (as in the endless interpretive possibilities in a good work of poetry or a biblical text)." Dit gaan egter nie net oor die verlede nie, maar ook oor die toekoms: "An organization's story is constantly being co-authored by the people within the organization as well as those outside who interact with it" (Watkins e.a. 2011:75).

Miskien is dit die beste om hierdie navorsing af te sluit deur vir Emme-Lancia self aan die woord te stel. Op 16 April 2010, in haar toespraak by die Monumentfunksie van die skool (sien Figure 3 en 4), sê sy:

Ons as skool kyk vorentoe met groot verwagting, want om vandag te leef vanuit die ervarings van gister en met die hoop op die beloftes wat môre nog in vervulling moet tree, beskou ons die toekoms as deel van die tyd wat reeds vandag beleef word.

Ons ontdek opnuut dat ons almal êrens vandaan kom en êrens heen op pad is, dat vandag nie in die lug ronddryf nie, maar geanker is tussen gister en môre ...

Vandag kom bring ons nie net hulde aan die gedagtenis van die vrou en kind nie, maar as Oranjeniete het ons egter ook 'n kosbare erfenis om te vier. Ons besef dus dat ons skool se erfenis en identiteit ook in die mense lê wat 'n belangrike rol in die geskiedenis gespeel het.

Daarom kom huldig ons vir pres. Steyn wat die fundamente gelê het. Sy wens dat die meisies van Oranje sal opgroei tot edele en brawe vroue vandag na 'n 103 jaar

nog steeds vervul. Ons leef inderdaad in die opwindendste en mees dinamiese eeu ooit, want as moderne dames het ons 'n bevryde uitkyk op die lewe.

Die meetsnoere het vir ons in lieflike plekke geval, ja, ons erfenis is nie net vir ons mooi nie, maar ons is trots daarop. Hierdie trots is veel meer as net 'n gevoel, vir Oranjeniete is dit 'n lewenswyse, om die regte dinge op die regte manier te doen – daadwerklike optrede wat bydra tot ons nasie se droom van 'n beter lewe vir almal.

Kom ons bou verder saam aan ons trotse erfenis met respek en deernis vir die vroue van Suid-Afrika. Kom ons kyk terug en wees dankbaar, kom ons kyk op en glo, kom ons kyk vorentoe en hoop, want solank die Christelike hoop lewe, kan die lewe ons nie breek nie, sal ons nie knak onder ons probleme en beproewings nie.

Oranje ís ons HOOP, ons brug na die toekoms!

Mag ons as Oranjeniete met 'n sekerder voet en met meer onverskrokke harte vorentoe beur.

Oranje Voluit, VOORUIT, Enduit!

Ek is nou diep ontroer en ek weet nie of 'n mens dit mág wees wanneer jy 'n akademiese artikel skryf nie. Maar ek glo skielik weer in die toekoms van hierdie land. N.P. Van Wyk Louw moes iemand soos sý in gedagte gehad het toe hy “Omdat jy self” geskryf het:

Omdat jy self blink is soos staal,
deursigtig is soos suiwer glas
in al jou woorde, al jou dink,
en in jou voete aardevas,

sodat jy seker, onbewus
gaan soos die wind en die waterringe –
daarom buig jy my duistere wil
tot alle sterk en helder dinge. (Louw 2002:59)

In hulle boek *Great South African Teachers* skryf Jansen, Koza en Toyana die volgende: “In short, the overriding purpose of this book celebrating South Africa’s greatest teachers is to convey the message of hope: there are still powerful teacher models on which we can draw to rebuild a faltering school system” (2011:2). Hulle woorde kan net so op Emme-Lancia Veronique Faro van toepassing gemaak word. Sy is 'n rolmodel by uitnemendheid.

Bibliografie

Bloch, G. 2009. *The toxic mix: What’s wrong with South Africa’s schools and how to fix it*. Kaapstad: Tafelberg.

Cooperrider, D.L., D. Whitney en J.M. Stavros. 2008. *Appreciative inquiry handbook*. 2de uitgawe. Brunswick, OH: Crown Custom Publishing, Inc. en San Francisco: Berrett-Koehler Publishers, Inc.

Crous, F., G.P. de Bruyn, G. Roodt, L. van Vuuren, W.J. Schoeman en A.D. Stuart. 2006. Appreciating Johann M. Schepers. SA Tydskrif vir Bedryfsielkunde, 32(4):3–7.

Jansen, J., N. Koza en L. Toyana. 2011. Great South African teachers: A tribute to South Africa's great teachers from the people whose lives they have changed. Johannesburg: Bookstorm en Macmillan Suid-Afrika.

Kreitner, R. en A. Kinicki. 2004. Organizational behavior. 6de uitgawe. New York: McGraw-Hill/Irwin.

Louw, N.P. Van Wyk. 2002. Versamelde gedigte. Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau.

Mathee, M. 2010. Motivering van toekenning van skool se Hoofmeisieprys aan Faro. Prysuitdelingsfunksie, Die Christelike en Nasionale Sekondêre Meisieskool Oranje. Bloemfontein.

Northouse, P.G. 2012. Introduction to leadership: Concepts and practice. 2de uitgawe. Los Angeles: Sage Publications.

Ondal, F.F. en R.H. Gouws. 2005. Handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Pinelands: Pearson Education Suid-Afrika.

Pretorius, J.P.H. 2010. 'n Waarderende ondersoek na die pedagogiese hoedanighede van Gerhardus P.V. Bosch. LitNet Akademies, 7(3):212–35. <http://www.litnet.co.za/Article/n-waarderende-ondersoek-na-die-pedagogiese-hoedanighede-van-gerhardus-pv-bosch>

Watkins, J.M., B. Mohr en R. Kelly. 2011. Appreciative inquiry: Change at the speed of imagination. 2de uitgawe. San Francisco: Pfeiffer.

Whitney, D.K. en A. Trosten-Bloom. 2010. The power of appreciative inquiry: A practical guide to positive change. San Francisco: Berrett-Koehler Publishers, Inc.